# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 98e Uitgawe 21 Oktober 2016
saam met Koersvas 98

**Laat U naam geheilig word**

Ons bede dat God se Naam geheilig moet word, is ŉ bede wat kort in woorde, maar lank in gevolge is. Die God wat ons aanbid, die enigste Here, is nie ŉ veraf geleë diktator of die somtotaal van ons menslike god-bewussyn nie. God is tegelyk intiem en intens betrokke in die wêreld en terselfdertyd aan die anderkant, verwyder, verhewe anders as hierdie wêreld. God ons Vader is teenwoordig om saam met ons te vier en saam met ons te treur. Hy seën ons ryklik in sy genade en weer kwaad van ons af of laat dit ons ten goede meewerk. Dit kan God doen omdat Hy die almagtige God is wat heers oor hemel en aarde, see en dorre woestyn, politieke magte en die begeertes van die menslike hart. Ons lees in Eksodus 2:25 "*En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken*". Wie is hierdie God wat sy kinders ken? Wat beteken die bede "laat U naam geheilig word" wanneer ons hierdie woorde rig aan God?

**Naam**

In antieke tye was die naam van die persoon nie net aanduider van ŉ spesifieke persoon nie. Die naam van die persoon het gedui op die totaliteit van die karakter van die persoon soos dit gemanifesteer het. Die naam dui op die persoonlik en nie-oordraagbare karakter van die een wie se naam dit is. Die naam van God dui met ander woorde op die karakter en persoonlikheid van God soos aan mense geopenbaar. God en sy naam word in die Bybel aan ons openbaar. God is sy naam soos in die Bybel geopenbaar.

In wat volg, moet ons net in gedagte hou dat God "Is wat Hy is", soos ons lees in Eksodus 3:14 "*En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur" (**אהיה אשר אהיה** - "Ek is wat Ek is" is verwant aan die Tetragrammaton **יהוה** wat ons met **JAHWE** vertaal).* Ons moet daarom onthou dat God Homself aan ons openbaar, maar nie op so ŉ wyse dat ons Hom kan beheer of dat ons denke Hom ten volle kan ken nie. Hy is meer as sy naam en daarom sal die bede ook soveel meer beteken as dit wat ons sê.

Hoe moet ons verwysings na God se naam verstaan. Psalm 9:11 "*Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie*." Wat die Psalmis bely, is die aard en karakter van God. God is getrou en sal die mens wat na sy wil vra, nie in die steek laat nie. Eintlik bely die Psalmis dat God getrou is, nie die naam van God nie.

Johannes 17:6 "*Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem*." Jesus het eintlik vir die mense aangedui hoedanig God is, wat God se geaardheid is.

Bogenoemde dui daarop dat die bede om God se naam te laat heilig, daarna verwys dat ons God se aard en karakter moet heilig. Wat beteken heilig?

**Heilig**

Heilig verwys na “afgesonder”. Die Griekse woord “***αγιασθητω***” is ŉ verbuiging van “*ἁ**γιάζω***” wat vertaal kan word met “om heilig te maak, dit wil sê om te reinig of toe te wy, af te sonder, om in geestelike terme te vereer, om iets as heilig te hou”. Die woord *αγιασθητω* verskyn amper nooit in sekulêre Grieks nie. Dit is met ander woorde ŉ term wat eie is aan Christelike lektuur. Die gebruik van die term in Christelike lektuur sal ons dan lei in die verstaan van die term.

Die eerste betekenis dui op die aksie van iets aards heilig maak deur ŉ seremonie of deur dit in kontak te bring met die heilige. Hierdie betekenis pas nie by die bede nie. God is heilig en daarom is sy Naam heilig. Ons as mense kan niks doen om die heilige God heilig te maak nie.

ŉ Tweede betekenis van die term αγιασθητω is om iets as heilig en sakraal te beskou en dit so te behandel (*WAT: “sakraal [sakraål'] b.nw. (<Lat. sacer) Wat 'n heilige of gewyde karakter het, of wat daarmee verband hou of daaruit voortspruit; soms teenoor profaan en sekulêr*). Die heilige is anders as die profane, afgesonder van die aardse. Die heilige is anders in terme van kwaliteit en wese. Die kwaliteit van die heilige is inherent anders as die aardse en net so is die wese van die heilige vanselfsprekend anders as die profane. God is die Heilige wat die Gans andere is.

Teen die agtergrond van dit wat sopas verduidelik is, kan ons verstaan dat geheilig daarna verwys om God te vereer, om met eerbied tot God te nader en met eerbied oor God te praat. Mense wie se optrede God nie vereer nie, is nie getrou aan hierdie bede nie. Hierdie noodsaak om eerbied en verering saam te verstaan, kan illustreer word deur te verwys na die insident toe Moses die klip geslaan het in stede daarvan om met die klip te praat. Ons lees van hierdie optrede wat God nie vereer nie in Numeri 20:12 *(1983 Maar toe sê die Here vir Moses en Aäron: “Omdat julle My **nie erken het** en My, die Heilige, nie voor die Israeliete gehoorsaam was nie.”) (Vulgaat: non credidistis mihi ut **sanctificaretis** me coram filiis Israhel”) (Septuagint: Ὅτι οὐκ ἐπιστεύσατε **ἁγιάσαι** με ἐναντίον υἱῶν Ισραηλ) (1933/53: “Omdat julle in My nie geglo het om My voor die oë van die kinders van Israel te **heilig** nie”).* Moses se optrede was meer as net ongehoorsaamheid, dit was optrede wat God nie geëer het nie en ook nie op God vertrou het nie. Deur wet in eie hande te neem, het Moses nie God se naam geëer nie.

William Barkley stel dat die bede om God se naam te heilig, beteken: “Mag God die unieke eer en aanbidding ontvang wat sy geopenbaarde karakter en aard vereis.” Ons weet met ander woorde wie God is en dit noop ons om God te eer. Ons maak nie God of sy naam heilig nie, ons behandel God as heilig, met eerbied. Ons as Christene moet ook besef dat Jesus nou by die bede ingesluit word. Ons lees in I

Petrus 3:15 "*In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. κυριον δε τον θεον **αγιασατε** εν ταις καρδιαις υμων".* Eerbied en respek gaan oor meer as net ŉ innerlike gesindheid. Dit impliseer ook dade.

Die konsep "*αγιασθητω*" bring ook ŉ broodnodige korrektief op die "Abba" wat ons aanspreek. Daar is ŉ legio van voorbeelde van mense wat hierdie aanspreek van ons hemelse Vader sentimenteel verstaan. Ja, dit is waar dat sodanige aanspreek van God as Vader (amper Pappie) mense kan laat neig tot blote sentiment, maar sodanige sentimentele benadering is dan nie meer getrou aan God se aard nie. Die gedagte dat ons God se naam moet heilig, keer dat ons sentimenteel raak in ons smekinge en ons verwagtinge.

In die Joodse godsdiens was dit ondenkbaar om God aan te spreek as Vader sonder om ŉ kwalifikasie by te stel. So is God as Vader aangespreek: Vader wat hoog en almagtig is, of Vader wat as Wetgewer regeer. Net soos die Jode Vader nie los van Here en Koning verstaan het nie, is dit ook vir ons belangrik om die heiligheid van God te onthou. Ons spreek ons liefdevolle Vader met respek en eerbied aan, nie met ŉ kruiperige sentimentaliteit nie, ŉ sentimentele benadering wat verwyder is van die Evangelie boodskap.

Hoe heilig ons prakties God se naam? Hoe gee ons erkenning aan Hom en eer aan Hom in die praktiese van ons daaglikse lewe?

Om tot God te nader, beteken dat jy moet besef dat jy tot God nader en jy moet glo dat Hy belangstel in die aksies en houdings van mense teenoor Hom. Hebreërs 11:6 stel: " *As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon*". Dit beteken eerstens dat ons met ons hele wese instaan vir die bedes wat ons tot God rig, in die geloof dat Hy bestaan, luister en sal reageer. God se naam word geëer wanneer die mens sonder fisiese bewyse dat God bestaan met oortuiging Hom aanbid en loof. God is die grondbeginsel van ons bestaan, en ons eer Hom deur in oortuiging sonder aanduibare bewys dat Hy luister, te bid. Dit sluit in die oortuiging dat Hy geheilig word selfs wanneer Hy nie doen wat ons vra nie. Laat U naam geheilig word sluit daarom ook berusting in. Indien God nie ons gebed verhoor nie, beteken dit nie dat Hy nie belangstel nie. Die Inkarnasie is die uiterste bewys dat God belangstel in ons.

Om God se naam te eer beteken om sy dade op te noem en sy lof te besing vir hierdie dade. Skepping, verlossing, troos is alles dade van God wat ons moet erken en verkondig. Dit kan egter nie net bly by woorde nie, ons dade moet getuig van die geloof wat ons bely en net so moet ons God eer met ons dade.

"Laat U naam geheilig word" is ŉ bede wat impliseer dat ons God sal verstaan op ŉ manier wat Hom en die Openbaring waardig is. Om God se naam te heilig, het te make met

getrouheid aan suiwer leerstukke. Anders gestel, ʼn mens kan nie hierdie bede opneem en tegelyk aan ʼn kettery vashou nie. Ons moet God se Woord in sy volle omvang met erns benader. Enige groep wat die Skrif manipuleer om hulle eie ideologie te dien, is nie besig om God se naam te eer nie.

So gebeur dit soms dat een mens se god ʼn ander se duiwel is. Dit mag nie gebeur nie, ons moet vashou aan suiwer leer.

Selfs iets soos ʼn oorbeklemtoning van liefde, ten koste van die ander perspektiewe wat ons ontvang, heilig nie God se naam nie.

Ons moet God se naam ook eer deur ons lewenskeuses. Ons moet so probeer lewe dat God die eer ontvang vir dit wat ons doen. Om te herhaal, God is heilig, Sy naam is heilig, ons kan mense net van die feit oortuig. Ons optredes verkondig die feit dat God heilig is.

Luther het gestel dat God se naam geheilig word wanneer ons lewens en leerstukke waarlik Christelik is. Die bede dat God se naam geheilig moet word, is met ander woorde ʼn onderneming om met toewyding God reg te ken en te dien.

**Heidelbergse Kategismus**

Sondag 47

Vraag122: *Wat is die eerste bede*?

Antwoord: *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.*

# Die NHKA, 41/71 en die uitlewing van homoseksualiteit

Met die aanvaarding van beskrywingspunt 41 van die 71 AKV van die NHKA het die NHKA die uitlewing van homoseksualiteit "ontsondig". Die manier waarop die besluit gestel is, is deel van die worsteling wat lidmate het. Met groot omhaal van woorde word lidmate opsetlik verwar. Hierdie verwarring word deur lafaards misbruik om die saak van homoseksualiteit 'n grys gebied te noem. Predikante wat vrees vir hulle inkomste, al stem hulle nie met die besluit saam nie, gaan beslis vir die gemeente verseker dat "dinge hier by ons nog dieselfde gaan bly". Hierdie dokument gaan lidmate die logika en oneerlikheid agter die besluit aandui. Daar mag geen twyfel wees nie. **Die NHKA het die uitleef van homoseksualiteit 'n leefstyl keuse gemaak wat nie sondig is nie**.
Hierdie reaksie het ten doel om die sake genoem in die besluit uit te pluis. Dit moet van meet af gestel word dat hierdie dokument nie ten doel het om homoseksuele mense te veroordeel nie. Dit is die leefstyl wat verwerp moet word. Ons is almal sondaars wat moet stry teen die sonde, almal sondaars wat pastoraal deur sondaars bygestaan word.

**Beskrywingspunt 41 (Algemene Kommissie)**
Die 71ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
* betuig sy dank teenoor al die lidmate en ampsdraers van die Kerk wat in opdrag van die 70ste Algemene Kerkvergadering meegewerk het aan die opstel en versameling van studiemateriaal oor homoseksualiteit.
* spreek sy waardering uit teenoor elkeen wat die uitnodiging aanvaar het om aan die gesprek oor homoseksualiteit deel te neem. Ten spyte van uiteenlopende standpunte is dit met waardigheid en wedersydse respek gestel.

*Dit is goed en mooi om met waardigheid aan enige debat deel te neem. Waardigheid is egter geen waarborg dat God of die waarheid gedien word nie. Die feit dat uiteenlopende standpunte gestel is, en dat die Kerk 'n uitspraak <u>moet</u> lewer, maak dit noodsaaklik om met die Skrif te kontroleer.*

* moedig predikante aan om die studiemateriaal in hulle pastorale werksaamhede te gebruik.
* bevestig opnuut die eerste drie punte van die 68ste Algemene Kerkvergadering (2007) se besluit oor homoseksualiteit wat soos volg lui:

*Persoonlike opmerking: Dit lyk asof 'n klompie slegte saad in 2007 gesaai is onder niksvermoedende ampsdraers en lidmate. Met die neem van besluit 54/69 is **ultra vires** verwys na 'n saak wat **voorgestel was** maar **<u>nooit besluit</u> is nie**. In*

*hierdie beskrywingspunt 41/71 word daar weer terugverwys na die 68e AKV, hierdie keer na 'n besluit wat wel geneem is. Die sosiale ingenieurs put genot daaruit om aan te sluit by vorige besluite. Die probleem is net dat die besluit geneem tydens die 68e AKV staan **teenoor** die besluit wat nou geneem is. Dit is met ander woorde **misleidend om by daardie besluit aan te sluit**. Die eerlike en eerbare weg sou gewees het om **daardie besluit te herroep**.*

*Die **bedoeling** van daardie besluit oor homoseksualiteit in 2007 was om te beklemtoon dat **God se genade geen onderskeid tref nie**. In die plek van 'homoseksueles' sou die kerk woorde soos 'pornografie', 'verslaafdes', 'pedofiele', 'egbrekers' of enige ander sonde-woord kon plaas. Die bedoeling was en is dat **God se genade geen spesiale kategorie skep** vir mense met seksuele swakplekke in hulle mensmondering nie. Die veronderstelling bly steeds dat **mense nie op hul impulse moet reageer nie**. Dit is **misleidend** om die nuwe besluit daarop te baseer of om te beweer dat die nuwe besluit in lyn is met daardie besluit. Daardie besluit het **as uitgangspunt gehad dat homoseksualiteit sonde is**, maar dat mense wat nie hierdie impuls weerstaan nie, nie anders as ander sondaars hanteer word nie. Die leser moet daarop let dat daardie besluit verder gaan en selibaat vereis.*

*Met ander woorde; **Daardie besluit van 2007 het die Bybel sò verstaan dat die Bybel 'n homoseksuele leefstyl afwys**. Enige besluit wat nou geneem word wat homoseksualiteit "ontsondig" deur dit persoonlike gewete en worsteling te noem, **is nie in lyn met daardie besluit nie** en hierdie nuwe besluit eis eerder dat daardie besluit herroep word.*

1. Volgens die breër boodskap van die evangelie maak God se Gees dit vir mense moontlik om met hulle volle menswees in God se teenwoordigheid te lewe. Laasgenoemde sluit ook homoseksuele persone in.
2. Die Kerk glo daarom dat alle gelowiges, ongeag hulle seksuele oriëntasie, lede is van die liggaam van Christus. Die eenheid van die Kerk as liggaam van Christus is 'n evangeliese eis. Die Kerk wil daarom homoseksuele persone in sy midde verwelkom, vertroos en ondersteun.
3. Die Kerk sal vervolgens alles in sy vermoë doen om die verskynsels van homofobie, gay-haat en enige ander vorme van neerhalende optredes teenoor homoseksuele persone teen te werk.

*Hierdie laaste punt is die angel vol gif wat in 'n nuwe interpretasie groot skade gaan aanrig. In 'n situasie waar die kerk nie meer homoseksualiteit verbied nie, kan enige persoon wat 'n selfde-geslag lewensmaat het, hom of haar op hierdie klousule beroep en stel dat die gemeente se weiering om hulle verhouding goed*

*te keur of te ondersteun neerhalend of selfs homofobies verstaan moet word. Dit is inteendeel die benadering in die huidige polities-korrekte samelewing dat enige woord van oordeel as homofobie interpreteer word. In die polities korrekte era waarin ons leef, is die bewering bewys genoeg vir die gemeenskap om as aangeklaagdes te staan, in hierdie geval binne hulle eie kerk. Dit is opvallend dat die NHKA in* ***hierdie geval*** *wel 'n sinodale uitspraak maak en beklemtoon. In die tydperk waartydens ons nou lewe, is diskriminasie die (enigste) sonde van die samelewing. Teen vermeende diskriminasie voel die NHKA* ***genoop om 'n sinodale uitspraak*** *te maak. 'n Pastoor wat sterk uitsprake teen homoseksualiteit maak, is 'n visum geweier om hier in die RSA te kom optree: Sterk uitsprake teen homoseksualiteit word as homofobie interpreteer.*

* besluit dat indien 'n konflik van belange tussen 'n ampsdraer en sy of haar gemeente ontstaan, weeg die belange en welstand van die gemeente swaarder as dié van die betrokke ampsdraer.

*Hierdie mooi woorde beteken niks indien dit saam met die vorige paragraaf gelees word nie. Een party mag dit as eie belange stel, die ander party interpreteer dit as homofobie. Ironies genoeg kan hierdie uitspraak as 'n sinodale standpunt inname verstaan word. Dit is nie die Bybel wat die swaarste weeg nie, maar die "belange en welstand van die gemeente". Dit gaan nie meer oor reg en verkeerd nie, maar oor die afspeel van belange teen mekaar.*

* bevestig opnuut dat predikante huwelike in terme van die Huwelikswet (Wet 25 van 1961) bevestig en nie enige bevoegdheid in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenis (Wet 17 van 2006) het nie.

*Hierin is geen beletsel wat predikante keer om in persoonlike hoedanigheid by Binnelandse sake aansoek te doen vir daardie bevoegdheid nie, sommige het dit alreeds gedoen. Volgens die Staat is 'n burgerlike verbintenis 'n huwelik. Predikante kan selfs met selfde geslag maats hierdie verbintenis aangaan. Dan is hierdie predikante volgens die staat getroud. Die NHKA het in die verlede lank geworstel oor die moontlike skeiding van burgerlike- en kerk huwelike. Nou skielik is dit nie meer problematies nie en word die twee sake goedsmoeds geskei. Is die NHKA nou skielik voorstaanders van gekerk wees, maar volgens die staat nie getroud? Is daar nou onderskeid tussen trou in die kerk en trou in die hof?*

* bevestig dat die Kerk die huwelik as 'n verbintenis tussen een man en een vrou respekteer.

*Hierdie respek is beslis nou 'n afgewaterde verstaan van die skeppingsorde. Hierdie **spel met woorde** kom neer op 'n saamstem om nie saam te stem nie. Volgens die Staat is 'n burgerlike verbintenis ook 'n huwelik en volgens die kerk is net die verbintenis tussen een man en een vrou 'n huwelik. Die (K)kerk moet soveel meer doen as die huwelik respekteer. Die kerk moet daarop aandring dat dit die **enigste lewensverbintenis** is **tussen een man en een vrou.** Geen "burgerlike verbintenis" kan naas die huwelik gestel word as die manier waarop homoseksueles dieselfde leefwyse as heteroseksuele mense aanneem nie.*

***** wil lidmate wat as man en vrou saamwoon aanmoedig om hulleself deur 'n Christelike huwelik aan mekaar te verbind.

*Die NHKA se verstaan van die huwelik is so afgewater dat lidmate (ook selfde geslag paartjies) wat saam woon, as paartjie hulle kind ten doop mag bring. In die geval van tradisionele paartjies, moet die NHKA hierdie lidmate aanmoedig om te trou. Wat van die selfde-geslag paartjie? Moet hulle aangemoedig word om 'n staatstroue te hê en dan 'n kerklike seremonie of inseëning?*
*Dit kan tog nie. Die kerk moet nie mense aanmoedig om te trou nie, die kerk moet daarop aandring dat man en vrou trou. Wat is 'n Christelike huwelik? Daar is reeds verwys na gekerk en getroud. Wat bedoel die NHKA hier?*

* is diep bewus daarvan dat seksualiteit 'n belangrike deel van ons menswees is, en dat elkeen in terme van sy of haar gewete en verstaan van die Bybel daarmee handel.

*Hier is duidelik die relativering van die Bybel se uitsprake. Skielik het die Bybel nie meer absolute uitsprake te maak wat mense begelei nie, hulle worstel volgens eie gewete en (mis)verstaan van die Bybel met hulle eie seksualiteit. Seksualiteit is nie verhewe bo ander aspekte van ons menswees nie. Hierdie argumentasie pas die hand van die pedofiel en die egbreker ewe gemaklik. Hierdie besluit stel dat mense volgens eie gewete handel.*
*Die kerk kan nie voorskryf nie, maar moet duidelik die Skrif uitlê en dan daardie uitleg verkondig. Lidmate wat nie van die boodskap hou nie, is gewoonlik aan die verkeerde kant van die verwagtinge wat God aan ons openbaar. Die kerk kan nie dat mense na eie gewete handel nie, die kerk help elkeen se gewete vorm en gee daarna rigting.*

Die Algemene Kerkvergadering besef terdeë dat baie mense met hulle eie seksualiteit worstel en om verskillende redes erg getraumatiseerd kan wees.

*Mense is getraumatiseerd indien hulle met hulle sonde gekonfronteer word. Dit kan nie as argument gebruik word om enige saak of aksie te regverdig nie. Die feit dat mense met hulle seksualiteit worstel, beteken eintlik dat hulle begelei moet word in hulle denke. God se "nee" is nie maklik om oor te dra of te hoor nie, maar tog moet dit duidelik gestel word. "Trauma" word nou ook die sleutelwoord in terme van pastorale begeleiding. Die pastor moet nie meer die sondaar help met die stryd teen die sonde nie, maar die sondaar gemaklik laat voel deur die persoon te ondersteun in sy denke dat sy/haar oortreding nie sonde is nie. Wat nou gemaak met die pedofiel, die egbreker en bestialiteit?*

Ons is van mening dat die trauma van lidmate nie deur groot en finale uitsprake van sinodale vergaderings gedien word nie, maar wel deur die liefde en versorging wat hulle in 'n plaaslike geloofsgemeenskap ontvang.

*Met bogenoemde sin asook die volgende sinne abdikeer die kerk dit wat die kerk nie kan abdikeer nie. Die kerk is nie daar om mense te dien nie,* ***maar om die Here te dien****. Die sin hierbo aangehaal impliseer prakties dat die kerk nie vir of teen homoseksualiteit 'n uitspraak kan of wil lewer nie. Anders gestel, die NHKA stel dat die Bybel geen duidelike boodskap oor hierdie saak het nie en dat die NHKA praktiserende homoseksualiteit daarom wil normaliseer. Hierdie sin impliseer soveel meer. Indien die gay paartjie oortuig is dat hulle God se goedkeuring het om 'n lewensverbintenis aan te gaan, moet die gemeente hulle in hulle huweliksbestaan versorg en moet die gemeente ook optree* ***teen*** *mense wat "liefdeloos" teenoor hulle optree. Die relativisme wat in hierdie sin na vore kom,* ***plaas eintlik die hele Bybel onder verdenking****. Indien een gemeenskap besluit dat homoseksualiteit verkeerd is op grond van die Bybel, en 'n volgende gemeenskap op grond van "liefde" ingelees in die Bybel homoseksualiteit goedkeur, is albei gemeenskappe "reg". Dit wat pas en volgens die gemeenskap se denke aanvaar word, moet ondersteun word. So 'n relativisme verloën die Evangelie.*

Daarom behoort die gesprek oor seksualiteit nie op kerklike vergaderings plaas te vind nie, maar wel tydens pastorale gesprekke.

*Hierdie gevolgtrekking kan tog onmoontlik volg op dit wat vooraf gestel is. Gesprekke oor seksualiteit hoort tuis in die pastorale gesprekke, maar teen 'n duidelike agtergrond wat stel dat God nie hierdie leefstyl aanvaar nie. Die Bybel en die sinodale uitsprake gee inhoud, beginsels en rigting aan pastorale gesprekke.*

***** Ten slotte doen die 71ste Algemene Kerkvergadering 'n beroep op alle ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk om in 'n tyd van geestelike en morele verwildering, in die voetspore van Christus te volg en leef soos wat Hy ons geleer het. Omdat ons kinders van God is, moet ons sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus ons liefgehad het ... (Efesiërs 5: 1).

Die motivering wat volg is 'n strategiese woordspel om die besluit te regverdig. Daar word verwys na ander kerke wat uiteenlopende uitsprake daaroor gemaak het, en daar word verwys daarna dat kerke al daaroor geskeur het.

***Om op te som en te vertaal:***

1. *Die NHKA het met die aanvaarding van beskrywingspunt 41 besluit dat die Bybel vir hulle geen duidelike boodskap het oor homoseksualiteit nie. Die NHKA het nie die geloofswil om tussen die uitsprake en studies heen 'n beginselstandpunt in te neem wat begrond word op die Bybel nie. Die NHKA kies as enigste beginsel sogenaamde inklusiwiteit.*
2. *Volgens die NHKA is homoseksualiteit aanvaarbaar binne die spektrum van seksualiteit wat 'n belangrike deel uitmaak van elke mens. Die eis van selibaat kan nie gehandhaaf word nie omdat die NHKA **nie meer** oortuig is dat die Bybel definitief daaroor uitsprake maak nie.*
3. *Sommige mense (homoseksuele persone) ervaar volgens die NHKA trauma weens hulle seksualiteit.*
4. *Volgens 41/2016 word die kerk daartoe geroep om hierdie getraumatiseerde mense in liefde pastoraal by te staan op so 'n manier dat hulle vrede sal maak met wie hulle is en wat hulle doen al noem die Bybel dit 'n gruwel.*
5. *Die NHKA aanvaar dat solank jy as gelowige die Bybel so verstaan dat jou uitleef van jou eie seksualiteit nie in die Bybel afgekeur word nie, moet die kerk se pastorale ondersteuning **jou gewete en oortuigings eerbiedig**. Dit gaan met ander woorde nie meer oor dit wat in die Bybel staan nie, **maar oor hoe jy dit verstaan**.*
6. *Die NHKA gaan sinodaal geen Bybel-gefundeerde uitspraak maak oor seksualiteit nie, veral nie homoseksualiteit nie.*
7. *Gemeentes gaan self elke situasie moet hanteer, maar moet onthou dat die NHKA steeds sinodale uitsprake lewer oor sogenaamde homofobie. Die NHKA gaan enige vermeende diskriminasie beveg, maar gee geen leiding of ondersteuning aan gemeentes oor die saak van (homo)seksualiteit nie.*